Verwysing: 20170324-9411
12/2/11/6/4
Navrae: S Rampou

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0009/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir Intermediêre Fase en Prinsipale van alle gewone en onafhanklike skole met graad 7-klasse

Onderwerp: AstroQuiz 2017 – Graad 7-leerders

1. Die AstroQuiz is 'n wetenskapkompetisie vir graad 7-leerders wat op astronomie-verwante temas gebaseer is en sluit aan by die "Aarde en die Ruimte" -afdeling in die Natuurwetenskappe-sillabus.

2. Die AstroQuiz is 'n projek wat deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Wetenskaplike en Tegnologiese Vooruitgang (SAASTA) befonds en provinsiaal deur die Suid-Afrikaanse Astronomiese Observatorium (SAAO) bestuur word. Hierdie projek is daarop gemik om:
   - belangstelling in Wetenskap in primêre skole aan te moedig;
   - klaskamerpraktyk te verbeter;
   - bewustheid en insig in basiese astronomie, Wetenskap en Wiskunde te skep; en
   - 'n belangstelling in loopbaangeleenthede in astronomie en ander wetenskappe aan te moedig.

3. Sedert 2006, is die AstroQuiz met groot sukses in die provinsie geïmplementeer en belangstelling in hierdie kompetisie het merkwaardig gegroei. In 2016 het 19 skole aan die finale ronde van die kompetisie deelgeneem. Star College in Metro-Sentraal het ons provinsie op nasionale vlak verteenwoordig. Aantreklike pryse word vir die provinsiale top 10 skole en die wenskool aangebied.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) moedig alle skole met graad 7-leerders aan om aan die 2017 AstroQuiz deel te neem.

5. Die hulpbronpakkie vir die AstroQuiz en 'n voorbeeldvraestel kan by die webwerf van die SAAO AstroQuiz afgelaai word by www.astroquiz.saao.ac.za. Indien 'n skool 'n

drukstuk van die AstroQuiz-boekie benodig, kan hulle dit aanvra deur 'n e-pos met die skool se naam en posadres aan help@astroquiz.saao.ac.za te stuur.

6. Die WKOD beveel aan dat alle skole die AstroQuiz-hulpbronpakkie en die voorbeeldvraestel gebruik sodat leerders kan oefen hoe om die vasvra af te lê. Hierdie moet 'n oopboek-aktiwiteit vir groepe van vier leerders elk wees. Elke groep moet as 'n span saamwerk.

7. Skole wat belangstel, moet direk by die SAAO via die AstroQuiz-webwerf vir die vasvra registreer. Registrasie open op Woensdag, 19 April 2017.

8. Alle kommunikasie met die SAAO sal via e-pos en/of SMS gedoen word. Onderwysers kan hul voorkeurkommunikasiemetode kies wanneer hulle registreer en word genooi om by die AstroQuiz-poslys aan te sluit by http://astroquiz.saao.ac.za/join-the-mailing-list/ om op hoogte van die vasvra te bly.

9. Skole moet spanne van vier leerders elk in graad 7 identifiseer om die skool in die AstroQuiz te verteenwoordig.

10. Skole moet reël om aanlyn aan die eerste twee rondes van die provinsiale AstroQuiz deel te neem. Skole word aangemoedig om met soveel spanne moontlik in die eerste ronde deel te neem. Daar sal 'n oefenronde vir leerders wees om die vasvra aanlyn te oefen. Leerders mag hul selfone gebruik om aanlyn deel te neem. Skole ding mee om 'n stel van 30 vrae in elke ronde te beantwoord. Alle skole sal dieselfde vrae beantwoord. Die spanne kry 'n vasgestelde 60 sekondes per vraag. Spanne mag die antwoorde saggies onder mekaar bespreek. Slegs een span per skool kan aan die tweede ronde deelneem. Leerders wat deelneem, mag nie hulpbronmateriaal by die vasvralokaal inneem nie.

11. Die eerste twee rondes van die provinsiale AstroQuiz sal op skoolvlak, onder toesig van die onderwyser in beheer, plaasvind. Ronde 1 sal op Vrydag, 26 Mei 2017 plaasvind en Ronde 2 op Vrydag, 28 Julie 2017.

12. Provinsiale Rondes 3 en 4 sal albei op Vrydag 25 Augustus 2017, by die SAAO in Observatory, Kaapstad plaasvind. Alle distrikte in die provinsie sal in die derde ronde verteenwoordig word. Die SAAO sal vir die vervoer van die spanne na provinsiale rondes 3 en 4, asook die finale nasionale byeenkoms, verantwoordelik wees. Die wenskool sal die provinsie by die nasionale kompetisie verteenwoordig, wat vanaf Woensdag, 04 Oktober 2017 tot Vrydag, 06 Oktober 2017, sal plaasvind. Die lokaal vir die finale nasionale byeenkoms sal op 'n latere stadium aangekondig word.

13. Kontak die SAAO direk of besoek hulle webwerf vir enige verdere vrae of meer duidelikheid oor die kompetisie:

Tel:	021 460 9369 (Buzani)
	021 460 9319 (Thembela)
	021 460 9328 (Christian)
Faks:	086 554 1330
E-pos:	help@astroquiz.saao.ac.za
Webwerf:	http://astroquiz.saao.ac.za

14. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Natuurwetenskaponderwysers vir graad 7 te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-04-26